RiG Adviesdienste I info@rig.ac I 086 1221 777

Markte op Maandeinde

Markte en ekonomiese aanwysers

Indeks	1 Maand (% verander)	Jaar tot datum (% verander)	1 jaar (% verander)	3 jaar (% per jaar verander)
SA Top40	-2.5	-5.9	-4.9	6.3
SA Mid cap	-3.0	-5.7	-0.3	8.3
SA Equity	-2.5	-5.4	-3.5	6.8
SA Bonds	-0.6	0.1	7.1	6.6
Hulpbron Indeks	-7.2	-10.2	16.1	-2.4
Industriële Indeks	-0.7	-2.2	-0.8	8.4
Finansiële Indeks	-0.9	-3.7	9.5	17.1
Gelyste Eiendom Indeks	0.8	4.8	17.1	14.1
S&P 500*	5.3	7.1	30.1	11.6
Dow Jones*	2.4	1.2	20.6	9.0
Global Equity	4.2	5.2	25.1	8.0
Japanese Equity	4.6	7.8	26.8	2.5
Chinese Equity	7.4	-3.8	-15.8	-21.8

(Bron: Fundhouse) *Opbrengs uitgedruk in USD terme

Geldeenheid (Positief = Rand versterk)	1 Maand (% verander)	Jaar tot datum (% verander)	1 jaar (% verander)	3 jaar (% per jaar verander)
Rand/Dollar	-2.9	-5.0	-4.8	-8.3
Rand/Euro	-2.4	-2.8	-6.7	-4.4
Rand/GBP Pond	-2.1	-4.1	-9.2	-4.8

(Bron: Fundhouse)

Rentekoerse	
Repokoers	8.25%
Primakoers	11.75%

(Bron: SARB)

Inflasiekoers (Februarie 2024)	
Hooflyn inflasie (VPI)	5.1%
Produsenteprysindeks (PPI)	4.0%

(Bron: SARB)

Februarie oorsig

Die JSE het vanjaar verdere verliese aangeteken, met -5,31% teen einde Februarie 2024 (byna 10% laer as dit in dollars gemeet word). Die afname in ons plaaslike mark is gelei deur die hulpbronsektor, wat met 6,92% gedaal het. In vergelyking met die MSCI Emerging Markets (EM)-indeks, onderpresteer SA, met die EM-indeks wat vanjaar met 4,79% gestyg het.

SA BBP het met 0,1% k/k gegroei gedurende die 4de kwartaal van 2023. Die mark het groei van 0,2% verwag, maar relatief tot negatiewe groei van 0,2% in die 3de kwartaal van 2023, is enige groei verwelkom om ’n tegniese resessie te vermy. Die Rand het in Februarie met meer as 3% verswak teenoor die Dollar, wat die ZAR die tweede swakste presterende EM-geldeenhede gedurende Februarie maak.

SA se handelsbalans het in Januarie 2024 meer verswak as wat verwag is, met ’n tekort van R9 miljard (die mark het R5,5 miljard verwag). SA se PMI-indeks vir vervaardiging het gedurende Februarie 2024 aansienlik opwaarts verras, en het van 43,6 in Januarie 2024 tot 51,7 in Februarie gestyg.

Die Amerikaanse S&P500-indeks het in Februarie 2024 met ’n fantastiese 5,3% gestyg – vir die eerste keer verby die 5000-vlak. Die Nasdaq en Dow-Jones het ook historiese hoogtepunte behaal. Amerikaanse effekte het effens gedaal. Die VSA het in Februarie ’n toename van 275 000 werksgeleenthede gesien, wat weereens ’n sterk Amerikaanse arbeidsmark weerspieël.

Die Bank van Kanada het rentekoerse onveranderd op 5% gehou. Beide wesens- en kerninflasie in die Euro-gebied het in Februarie minder verlangsaam as wat verwag is. Verbruikersinflasie het tot 2,6% op ’n jaargrondslag afgeneem. Die ECB se jongste ekonomiese groeiprojeksie vir 2024 staan op 0,6%, met groei wat versnel tot 1,5% in 2025.

Duitsland het Japan verbygesteek om die wêreld se derde grootste ekonomie te word, nadat Japan in ’n resessie gegaan het. Duitsland is ook op die randjie van ’n resessie, met die VK wat ’n tegniese resessie binnegaan.

Vrywaring:
Die bogenoemde inligting is slegs vir inligtingsdoeleindes, en nie advies soos gedefinieerd in die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangersdienste, 37 van 2002, nie. Alhoewel alle maatreëls geneem is in die voorbereiding van hierdie dokument, aanvaar RiG Adviesdienste (Pty) Ltd geen verantwoordelikheid vir enige optrede wat mag voortspruit uit hierdie dokument nie. Raadpleeg ons vir persoonlike advies gepas vir jou omstandighede. RiG Adviesdienste (Pty) Ltd is ‘n gemagtigde finansiëlediensteverskaffer (FSP nommer: 44730).

Wysheid vir ware welvaart | Wisdom for true wealth